6 November **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 9**

Ter wille van…

‘n Soldaat, ‘n boer en ‘n evangelie-bedienaar het één ding in gemeen: die reg op lewensonderhoud om hul werk te doen. Let wel: hy kry nié ‘n salaris nie. Terwyl hy op die gevegsfront is, ontvang ‘n soldaat kos en klere en koeëls. Terwyl hy in sy wingerd werk of sy bokke melk, geniet die boer van die druiwe en melk. Terwyl hy geestelike saad saai, mag ‘n evangelie-bedienaar lewensonderhoud van gelowiges ontvang (verse 3-11).

Van hierdie reg het Paulus afstand gedoen in Korinte. Hy wou geen hindernis in die pad van die evangelie lê nie (vers 12). Hy het tente gemaak om sy onkoste te finansier.

Die kernbegrip in hierdie Skrifgedeelte is: *ter wille van*. Dit is die hart van die hele evangelie van ons Here Jesus. Ter wille van sondaars het Hy aan ‘n kruis kom sterf. Ter wille van hierdie lewensboodskap word Paulus vir die Jode soos ‘n Jood en vir die swakkes swak (verse 20-23).

Die verwagting is altyd daar: die vrug, die prys, die oorwinnaarskroon (verse 23-25)!

Voel jy die hart van Jesus se evangelie in jou lewenstyl klop? Aanvaar jy dat die pad agter Hom aan uitgeplavei is met: “ter wille van”? Sien jy kans om jouself te verloën ter wille van die opbou van jou medemens se geloof? Al beteken dit dat jy sekere kos moet laat staan (8:13), moet aanpas by die leeftydsfase, denkpatroon of voorkeure van ‘n medemens. Is dit jou ideaal? As jy hom of haar tog net vir sy koninkryk kan wen … al is dit dalk jou kollega op kantoor!

Sing: Skrifberyming 35:3 (mel Psalm 18) Ds J Botha (Laeveld)